# VILLA BULLETIN

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village -35/2023 – Junie 2023*

## ONS BRAAIAREA

Ons braaiaerea se benutting is bo verwagting. Daar was by 'n paar geleenthede ietwat van 'n verwarring. Die volgende moet in gedagte gehou word.

1. Besprekings vir die gebruik van ons braaiarea moet gedoen word by ons oord se ontvangs.
2. Voorkom teleurstelling en bespreek dit vroegtydig. Onlangs vir 'n Dinsdagoggend, twee maande vanaf nou was dit reeds bespreek.
3. Die gebruik van die area is vir ons inwoners gratis.
4. Gee duidelik aan vir watter ure/tydperk u dit wil benut. Bv 09:00 tot 12:00 of 16:00 tot laataand.
5. Indien iemand die area vir 'n ontbyt of middagete/braai gebruik kan dit steeds ook nog vir 'n laatmiddag of aandfunksie benut word.
6. Die kombuis se dienste is beskikbaar. Van breekgoed tot spitbraaie met voorgeregte, nageregte, koffie, koek, sap, tafelversierings, tafeldoeke, bediening, opruiming, skottelgoed ens.
   Reël, betaal en kom ooreen <u>ruim voor die funksie.</u> (**<u>Vul die kombuis se aansoek vorm in</u>**)

   a) Maak baie seker dat u, u reëlings vroegtydig met die kombuis tref.
   b) Al is dit net koppies of net glase, reël vroegtydig en kry die pryse en kostes
   c) **<u>U kan nie op die ingewing van die oomblik gratis dienste van die kombuis verwag nie.</u>**
   d) Maak seker u reël hoe laat u wil eet.
   e) Indien u ook die saal sou kan benodig, as gevolg van moontlike weersomstandighede, bespreek ook die saal.
   f) As weervoorspellings dae voor die funksie aandui dat die weer mooi gaan wees, kanselleer die saalbespreking so spoedig moontlik.

**<u>Besprekings word by ontvangs gemaak en dan is daar 'n vorm by die kombuis beskikbaar waarop vereistes soos die gebruik van bordjies, tafeldoeke ens. kan uiteensit</u>**

## VERPLIGTE ETES

Die **<u>eerste agt etes</u>** wat u bespreek elke maand is teen R60 en is ingesluit en betaal as deel van u heffing.

As u dit self insleutel is dit die beste om dit eerste vir Woensdae/Sondae en/of 'n heffingontbyt te bespreek.

Die heffingsontbyt is beskikbaar van Maandag tot Vrydag.

U mag dit ook gebruik vir etes op Maandae, Dinsdae, Donderdae, Vrydae en Saterdae, maar die etes is beskikbaar teen R42 en as u u verpligte etes op die dae bespreek kos dit u R60.

Dit is van toepassing **<u>per eenheid!!</u>**

As u van hierdie **<u>agt verpligte etes</u>** wil oordra na 'n volgende maand moet u dit by die oord se kantoor reël, die kombuis aanvaar dit met handtekening van die oordbestuurder.

## VRYWILLIGE VERDERE ETES

As u addisionele etes bestel vir Woensdae/Sondae of heffingsontbyte kos dit R60 per ete.
Alle addisionele etes op Maandae, Dinsdae, Donderdae, Vrydae en Saterdae kos R42 per ete.
Hierdie addisionele etes kan u enige tyd self op die stelsel kanselleer of dit met die kombuiskantoor reël.
Indien reeds betaal en daarna gekanselleer sal die die geld beskikbaar wees later in die maand of volgende maand. U hoef nie hiervoor te reël om dit te laat oordra nie.

As u 'n ete bespreek het vir 'n Sondag en u word genooi deur kinders of iemand anders om êrens anders te gaan uiteet, is die volgende opsies vir u beskikbaar:

1. Kanselleer betyds voor 11:00 die vorige dag of op Saterdag voor 11:00 vir Maandag.
2. As dit te laat is om te kanselleer, reël dat dit vir u in die yskas gesit word, waar u dit later (binne 24 uur vir gesondheidsredes) kan kom afhaal.
3. As u nie betyds gekanselleer het of nie laat wegsit het nie, gaan dit tot u eie nadeel wees.
4. U kan nie nou Dinsdag kom en eis om die ete van Sondag wat u betaal het op te eis nie. (die kos is nou oneetbaar). Indien u nou wil eet sal u weer moet boek voor 11:00 die vorige dag en betaal.

**Dit is absoluut aan te bevele dat u self weer u etes op die stelsel bespreek.**
**U kry alle detail daar, beheer dit self en kan duidelik sien wat u balans op u rekening is.**
**Geen verwarring, geen onduidelikheid.**

## TUINDIENSTE

Die tuindienste se winterprogram is van toepassing. Gras word slegs een maal in twee weke gesny. Aanplantings op gemeenskaplike eiendom soos parke moet voor aansoek gedoen word op skrif. Andersins sal dit op u koste verwyder word.

## BEURTKRAG

U sou reeds opgemerk het dat daar nou gereeld nadat die krag weer aankom, dat die krag binne 'n minuut weer afgaan. Dis dan wanneer die munisipale substasies "trip". Dit is omdat die krag wat onmiddellik getrek word net te veel en te skielik is.

*My begrip hiervan as 'n leek is soos volg:*
*10 000 geisers gebruik elk 3000watt is 10 000 maal 3000 = 30MW. Maar as 'n geiser se element aanskakel gebruik dit vir 'n kort rukkie 3200watt voordat dit na 3000 watt normaliseer. 10 000 maal 3200 watt is 32MW daardie ekstra 2MW is dan net te veel vir die stelsel wat veroorsaak dat dit uitskop.*
*Werklike getalle is waarskynlik baie groter.*

Die frustrasie is onnodig en kan soos volg voorkom word.
As beurtkrag begin skakel alle groot kragverbruikers af soos geisers, verwarmers, ketels.
As beurtkrag verby is skakel die items weer sistematies aan een vir een en na sê 10 minute.
As meeste mense hierdie toepas sal die addisionele kragonderbrekings verdwyn.

Die gebruik van kerse tydens beurtkrag word nie aanbeveel nie. Dit skep 'n ernstige brandgevaar. Probeer dit asseblief ten alle tye vermy. Indien dit onvermydelik is **wees baie versigtig**

## WASSERY

Die operateur van die wassery het kennis gegee. Dit blyk vir hulle nie betalend te wees nie.
Ons beplan om 'n kontrak aan te gaan met Annah wat die wassery reeds vir baie jare beman.
Sy het 'n maatskappy gestig en glo dat sy dit betalend kan bedryf.
Ons wil maar weer vra dat ons inwoners sover moontlik ons eie wassery sal ondersteun.

Dienste van buite die oord wat een dag kom haal (dan moet mens tuis wees) en ’n ander dag aflewer (mens moet weer tuis wees vir ontvangs) is vir sommiges nie ’n probleem, maar ondersteuning van ons eie fasiliteite is belangrik vir die langer termyn voortbestaan van die dienste in ons oord.

## SKOONMAAKDIENSTE

Die skoonmaak van die gange van die woonstelle is vanaf 07:00
Moet asseblief geen vullissakke na 7 in die gange plaas nie.
Moet tog ook nie u woonstel se stof en vullis in die gang in vee nie – tel dit op.

Daar is in die afgelope weke drie gevalle aangemeld van diefstal. Twee was suiwer die neem van items uit die betrokke eenheid. Een daarvan was egter uiters gesofistikeerd met gebruikmaking/kopiëring van inligting vanaf die inwoner se selfoon bankbesonderhede. Oor ‘n lang tyd is baie geld gesteel. Van die huiswerkers het ook die sleutels van die eenhede (dikwels meer as een) waar hulle werk.

In alle gevalle was dit huiswerkers wat PRIVAAT in diens geneem is.

Ons wil  sterk aanbeveel om van DSMG se dienste gebruik te maak. Al hul personeel het polisieklaring en dis beskikbaar teen R50 per uur. Skakel Theuns by 060 779 4997.

## HYSBAKKE

Moet asseblief nie die deure vir lang tye oophou nie. Dis nie goed vir die installasie nie. Kry u goedere gereed en reg voor die deur en begin daarna om alles so spoedig moontlik in die hysbak te pak.

As daar mense uittrek, maak seker dat hulle nie saam met u meubels, **per ongeluk**, ook van die tafeltjies of stoele van die oord saam met u goedere inlaai nie.

## BALKONNE BY WOONSTELLE

Daar was ’n opvolg vergadering oor die balkonne.
Die balkonne MOET ten alle tye skoon en netjies wees.

Die volgende word beslis nie toegelaat nie:
Wasgoed, besems, dweile (moppe), motorbande, trollies, kratte ens. Dit mag beslis ook nie as ’n pakplek vir oortollige rommel gebruik word nie.

Dank aan meeste van ons inwoners wat positief reageer en daar is reeds verbetering. Ons besef dis sensitief en ons verwag teenstand van enkeles. Daar sal dan waarskuwings uitgereik word in terme van die oord se reëls. Ons gaan hard werk om dit te probeer voorkom. Maar dit kan slegs geskied met elkeen se samewerking.

Na ure en oor naweke is die algemene noodnommer. **064 812 0093**
Vir Ambulans en siektes is die na ure noodnommer **086 011 2911**